17 Maart 2024

# genoot
## N.G Rustenburg-Suid

**Landlyn:** 014 592 2419 **Selfoon:** **071 436 0102** **E-pos:** ngrbsuid@gmail.com
**Kantoorure:** 10:00 – 14:00 **FB:** ngkerkrustenburgsuid **Webblad:** www.ngrustenburgsuid.co.za

**Bankbesonderhede:** ABSA, Tjekrekening: 1220580128, Takkode: 632005 (Vir deposito's: EFT/kontant)
(**Kruisgenoot:** *Registreer op die kerk se webblad om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)*

| | |
|---|---|
| **Sondag, 17 Maart:**<br>*09:00 Erediens:* **Ds. B. Boshoff**<br>Junior Kategese<br>Alle projekspanne<br>***Tee: Dankie B-wyk***<br>Kom drink saam in die saal!!<br>*10:00 Senior Kategese*<br><br>**Woensdag, 20 Maart:**<br>*09:00 Bybelstudie...* Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom! | **Sondag, 24 Maart:**<br>*09:00 Erediens / Doop:* **Ds. H. De La Guerre**<br>Alle projekspanne<br><br>***Tee: Dankie C-wyk***<br>Kom drink saam in die saal!!<br><br>**Woensdag, 27 Maart:**<br>Geen Bybelstudie |

## KOM ONS BID VIR:

| SIEK / HOSPITAAL | |
|---|---|
| Bessie en Hansie Ströh | Freddie Alberts |
| Jacolien Teessen | Marie Nel |
| Jac en Gerda v.d. Bergh | Pieter Sevenhuyzen |
| Lienke Venter | David J van Vuuren |
| Annatjie Smuts | Pieter de Wet |
| Wimpie Espach | Johan Mans |
| Santie de Wet | Pricylla Erasmus |



## BEROEP – LERAAR

Op kerkraadsvergadering gehou op 14 Maart 2024 is besluit dat ds. Driaan Britz van Pierneefrant beroep sal word.

# VERJAARSDAE:




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17 Maart | Janey Ellis (83) | | 20 Maart | Giel Geldenhuys |
| 18 Maart | George Breedt (93) | | 21 Maart | Henri Jordaan |
| 18 Maart | Petro Olwagen (82) | | 21 Maart | Marelize Wille |
| 19 Maart | Hannes Pieterse | | 22 Maart | William Wallance |
| 20 Maart | Marna De Jager | | 23 Maart | Elaine Willemse |

# BLOMBEURTE:

Kan ons nie weer 'n blom of plant elke Sondag voor in kerk plaas nie?
Indien jy graag wil, stuur jou naam en datum
*(indien jy spesifieke datum het)* deur na kerkkantoor!







# Dankbaarheidshouer:

'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na "Dankbaarheidshouer". Dit gee groter betekenis aan die houer!
Dink net aan: hoe geseënd is ons, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv. 'n R1-00 vir *elke jaar* wat jy gespaar is ingooi of vir *elke kleinkind*.
**Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is.**
Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.

## Besoeke:

Ons nooi ons gemeente uit om gerus die kerkkantoor
te skakel vir die volgende:
Indien ‘n tuisbesoek of hospitaalbesoek van ‘n leraar verlang...



## Uitreik:

Soms het lidmate vervoer probleme om by kerkbyeenkomste uit te kom.
Indien jy wil help, gee jou naam deur aan kantoor.
Indien jy vervoer probleme het, gee ook asb. jou naam deur!!!



Onthou in ons voorportaal is boeke wat **GRATIS** geneem kan word!!!



HOU MEKAAR VAS

FOKUS '23

**Die Noordelike Sinode se fokus vir die jaar word verbeeld in hierdie logo:**

**DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING**

Hierdie drie kernwoorde, **Deernis, Begrip En Waardering**, verwoord op 'n besondere manier die Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar.

## DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

### Die Tweede Deel: *Die verlossing van die mens*

### Sondag 11

**Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?**

**Antwoord**: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

**Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?**

**Antwoord**: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4. (b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

**Uitnodiging van Saamspan: Almal 55 jaar en ouer:**

***Kom kuier saam!!!*** **Dinsdag 9 April om 09:00.**
***Daarna elke 2de en 4de Dinsdag van die maand.***

**Bring al jou vriende saam!!**
***Waar:*** **Gereformeerde Kerk Wes Gemeente, Klopperstraat 260**